*Sondag* **22 Junie**

**Skrifgedeelte: Psalm 136:1-26 (AFR33/53)**
**Fokusgedeelte: Psalm 136:1, 26**
**LOOF die HERE want Hy is goed!**

Hoe ernstig neem ons die eenvoudige opdrag in hierdie psalm op? Die opdrag: LOOF die HERE! Die psalm se eerste woord is die opdrag om die HERE te loof (of prys) en die psalm eindig met dieselfde opdrag (vs 1, 26).

Om die HERE te loof en te prys, beteken nie alleen om sy Naam groot te maak met my stem en my dade nie. Die geheel van die psalm lei ons juis na die punt toe om te erken wie Hy is, wat Hy gedoen het en wat Hy steeds doen. Kortliks kan ons die psalm opdeel:

- Vers 1 – Hy is goed
- Vers 2-3 – Die HERE is God oor alle aardse magte (soos ons dit sing)
- Vers 4-9 – Hy is Skepper
- Vers 10-16 – Hy is Verlosser
- Vers 17-22 – Hy is Oorwinnaar
- Vers 23-25 – Hy is ons Redder in nood
- Vers 26 – Hy is hoog verhewe

’n Frase wat regdeur die psalm herhaal, weer en weer by elke vers na vore kom, *“want sy goedertierenheid is tot in ewigheid”*. Die 2020-vertaling: *“want vir ewig duur sy troue liefde.”* Hierdie woorde wat elke keer herhaal, is die rede hoekom ons die opdrag kry om die HERE te loof. Sonder hierdie woorde sou dit onmoontlik wees om die HERE te prys.

Goedertierenheid is die HERE se genade, trou (waarheid) en liefde in sy verbond, in die verhouding wat Hy met sy kinders tot stand gebring het of opgerig het en nog steeds tot in ewigheid onderhou. Die HERE wys sy goedertierenheid baie duidelik vir ons: *“En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon – en ons het sy heerlikheid aanskou, ’n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid”* (Joh. 1:14). Dit is ons Here Jesus Christus! Hy alleen bring ons deur sy Heilige Gees tot erkenning dat die HERE goed is. Hy, die Christus, laat ons sien Wie Hy is, wat Hy gedoen het en wat Hy steeds doen – die HERE is goed en Hy is die God van die hemel!

In Hom en deur Hom kan ons nie anders nie: LOOF die HERE, want Hy is goed! Soos ons ook deur die eeue bely, erken: “Hy is … regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is” (NGB Art 1).

*Sing: Psalm 136-1:1, 3, 20*

*Ds. MH (Marco) le Roux (Reitz/Lindley)*